Tekste: Johannes 14: 6, 1983; Romeine 1: 7, 1983; Psalm 145: 1, 1983; Matteus 22: 4, 2022; Johannes 14: 15-31; Lukas 14: 17, 2022; VONKK 312.
Fokus teks: Efesiërs 1: 15-23, 2007.
Liedere: FLAM 87 x 2; VONKK 277: 1-3; Gesang 582: 1, 3, 4 en 5; Gesang 528: 1-3.

---

AANKONDIGINGS:

LIEF & LEED:

- Dirk Bosman is uit die hospitaal ontslaan, maar is nou in die versorgingseenheid @ Allen Park opgeneem.
- Dr Hannes Janse van Rensburg het hierdie week ‘n kardioversie in die Midstream ondergaan.

KLOK:

Dit is die Sesde Sondag van die Opstanding. Daarom brand daar vandag ses kerse. Ons vier die opstanding van Jesus Christus. Hy het die dood oorwin en Hy gee dit as erfporsie aan elkeen van Sy kinders.

Die klok lui sodat ons emosioneel en intensioneel kan voorberei op die Woordverkondiging.

TOETREDE: FLAM 87

(Kom ons staan vir die toetrede lied, votum, seëngroet en lofsang)

Tekste: Johannes 14: 6, 1983; Romeine 1: 7, 1983; Psalm 145: 1, 1983; Matteus 22: 4, 2022; Johannes 14: 15-31; Lukas 14: 17, 2022; VONKK 312.
Fokus teks: Efesiërs 1: 15-23, 2007.
Liedere: FLAM 87 x 2; VONKK 277: 1-3; Gesang 582: 1, 3, 4 en 5; Gesang 528: 1-3.

---

VOTUM:

So sê die Here: Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie (Johannes 14: 6, 1983).

SEËN:

Aan almal wat God liefhet en wat Hy geroep het om aan Hom te behoort: Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus (Romeine 1:7, 1983). Amen.

SANG: VONKK 277: 1-3

WISSELFORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE NAGMAAL:

Geliefdes in ons Here Jesus Christus!

Die Here Jesus het voor sy dood saam met sy dissipels brood en wyn aan tafel geneem en gesê dat hulle dit moet gebruik tot sy gedagtenis. Daarom vier ons die Nagmaal ... tot Sy gedagtenis.

Tekste: Johannes 14: 6, 1983; Romeine 1: 7, 1983; Psalm 145: 1, 1983; Matteus 22: 4, 2022; Johannes 14: 15-31; Lukas 14: 17, 2022; VONKK 312.
Fokus teks: Efesiërs 1: 15-23, 2007.
Liedere: FLAM 87 x 2; VONKK 277: 1-3; Gesang 582: 1, 3, 4 en 5; Gesang 528: 1-3.

---

Die Nagmaal is een van die Kerk se twee sakramente tot versterking van ons geloof. Met die tekens van brood en wyn verseker Jesus Christus ons deur sy Gees van ons gemeenskap met God en met mekaar.

By die tafel van die Here is ons ook saam om God te verheerlik. Ons glo dat die Here deur sy Gees by hierdie feesmaal teenwoordig is. Wanneer ons die brood en wyn ontvang, herinner dit ons dat ons verlos is deur die dood en opstanding van Jesus Christus. Deur geloof in Jesus Christus het ons saam met Hom gesterf en staan ons saam met Hom op tot 'n nuwe lewe.

Die Nagmaal wil ons daarvan verseker dat ons aan Christus deel het. By hierdie maaltyd rig die Here ons hoop ook op die hemelse feesmaal saam met God en al die gelowiges. Ons behoort vir ewig aan God. Daarom hoef ons niks te vrees nie. Christus is die Een wat was, wat is en wat kom – die Here van die toekoms.

Rondom die tafel word die gemeenskap van gelowiges sigbaar. Ons het immers almal deel aan hiérdie brood en

wyn. Die liefde wat God aan ons skenk, bind ons aan mekaar.

Voor ons by die tafel aansit, moet ons onsself eers ondersoek en afvra of ons bereid is om deur ons doen en late hierdie band van liefde te versterk. Ons is bewus van ons eie sonde en het daaroor berou. Omdat Jesus Christus ons vergewe, mag ons by sy tafel aansit. Die deelname aan die Nagmaal wil ons opnuut van sy genade verseker.

Wanneer ons van die tafel af opstaan, stuur God ons om wêreldwyd te getuig van sy versoening, sorg en liefde. God versorg ons met hemelse en aardse brood. Kom ons versorg uit dankbaarheid ander ook só.

Voordat ons by die tafel van die Here aansit, laat ons bid.
GEBED:
Here, dankie dat ons vandag by u tafel mag aansit. Ons glo dat U by ons is en ons versorg. Versterk ons geloof. Voed ons met die ware hemelse brood en wyn, Christus Jesus, ons hoop en lewe.

Verseker ons deur u Gees dat ons deel het aan sy lewe, sterwe en opstanding.

Was ons sonde af deur sy bloed.

Raak ons só aan, dat ons dankbaar as u kinders sal leef.

Stuur ons en maak ons oë en harte oop vir almal in nood en laat ons na hulle uitreik. Gee ons die geloofsoortuiging om Christus met woord en daad te verkondig.

Amen.

UITNODIGING:

Volgelinge van Jesus Christus, as jy bely dat Jesus jou enigste Verlosser is, word jy hartlik uitgenooi om te kom deelneem aan die tafel van die Here.

TAFELFORMULE:

Laat ons nie ons gedagtes rig op die uiterlike tekens van die simbole nie, maar op die betekenis daarvan, naamlik die versoening in Jesus Christus, ons Here.

REëLINGS:

Ons begin vandag by die galery (tafel 1), daarna die blok aan my linker kant (tafel 2), en dan die middel blok (tafel 3). Heel

laaste die blok aan my regter kant. Na elke tafel kan u 'n dankoffer vir barmhartigheid op die tafel (onder die tafeldoek) laat. Die volgende groep kom eers as die liturg u daartoe uitnooi.

SANG (tafel van die Here word voorberei): Gesang 582: 1, 3, 4, 5

TAFEL 1:
Kom, gemeente, laat ons ons oë op die Here rig; want Hy voed ons op ons tyd (Psalm 145: 15, 1983).

Wanneer die brood gebreek en uitgedeel word, sê die bedienaar: Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus.
En wanneer die beker aangegee word: Die beker wat ons drink, is die gemeenskap met die bloed van Christus.
Eet en drink, doen dit tot sy gedagtenis.
Amen.

GELOOFSBELYDENIS VAN NICEA:

Ons glo in een God, die almagtige Vader, die Skepper van die hemel en die aarde, en van alle sienlike en onsienlike dinge;

en in een Heer, Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, gebore uit die Vader voor alle tye;

God uit God, Lig uit Lig, waaragtige God uit waaragtige God, verwek, nie gemaak nie, een in wese met die Vader;

deur wie alle dinge ontstaan het;

wat ter wille van ons, die mense, en ter wille van ons saligheid, neergedaal het uit die hemel, vlees geword het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria, en mens geword het, wat selfs vir ons gekruisig is onder Pontius Pilatus, gely het en begrawe is;

en op die derde dag opgestaan het volgens die Skrifte;

wat opgevaar het na die hemel, en wat sit aan die regterhand van die Vader;

wat weer sal kom met heerlikheid om te oordeel, dié wat nog lewe en

dié wat reeds gesterf het; wie se koningsheerskappy geen einde sal hê nie;

en in die Heilige Gees, die Heer en Lewendmaker, wat van die Vader

en die Seun uitgaan, wat saam met die Vader en die Seun aanbid en
verheerlik moet word, wat gespreek het deur die heilige profete.
Ons glo een heilige, algemene kerk, gegrond op die leer van die apostels.
Ons bely een doop tot vergifnis van sondes;
ons verwag die opstanding van die ontslapenes, en die lewe van die toekomstige eeu.

PREEK:
Die Geloofsbelydenis van Nicea het ontstaan tydens die Eerste Konsilie van Nicea in 325 n.C., 'n belangrike gebeurtenis in die geskiedenis van die Christelike kerk. Keiser Konstantyn die Grote het hierdie konsilie byeengeroep in 'n poging om eenheid binne die Christelike geloof te bewerkstellig, aangesien die kerk in daardie tyd sterk verdeeld was oor die aard van Jesus Christus.

Die belangrikste teologiese konflik was tussen Arius, 'n priester van Alexandrië, en Athanasius, 'n diaken en teoloog. Arius het geleer dat Jesus Christus, hoewel goddelik, deur

God geskape is en dus nie van dieselfde wese as God die Vader is nie. Hy het geglo dat Christus ondergeskik aan die Vader is en nie ewige godheid besit nie. Hierdie leerstelling, bekend as Arianisme, is deur baie biskoppe as kettery beskou, aangesien dit die goddelike natuur van Christus ondermyn het.

Tydens die Konsilie het die meerderheid biskoppe Arius se leer verwerp en die Geloofsbelydenis van Nicea aanvaar. Die belydenis het duidelik verklaar dat Jesus Christus “van dieselfde wese” (homoousios) as die Vader is — voluit God, nie 'n geskape wese nie. Hiermee het die belydenis die Drie-eenheidsleer versterk: dat die Vader, Seun en Heilige Gees drie persone, maar een wese is.

Die betekenis van die Geloofsbelydenis van Nicea vir die kerk is diepgaande. Dit het nie net 'n fondament gelê vir ortodokse Christelike leer oor die aard van Christus nie, maar het ook 'n standaard geword waarvolgens kettery beoordeel is. Hierdie belydenis dien tot vandag toe as 'n belangrike eenheidsbelydenis vir baie Christelike denominasies — insluitend Rooms-Katolieke, Ortodokse en

Protestante kerke. Dit beklemtoon die sentrale waarhede van die Christelike geloof en help gelowiges om hul geloof in 'n gedeelde taal en begrip te bely. Die Geloofsbelydenis van Nicea herinner die kerk voortdurend aan die noodsaak van teologiese eenheid en die verdediging van die kern van die Christelike boodskap.

TAFEL 2:
Gaan sê vir die uitgenooides alles is reg vir die fees om te begin – ‘n spesiale ete is voorberei en al die kos staan reg. Kom en kom hou fees! (Matteus 22: 4, 2022).

Wanneer die brood gebreek en uitgedeel word, sê die bedienaar: Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus.
En wanneer die beker aangegee word: Die beker wat ons drink, is die gemeenskap met die bloed van Christus.
Eet en drink, doen dit tot sy gedagtenis.
Amen.

DIE WIL VAN GOD: Johannes 14: 15-31, 2020

---

15“As julle My liefhet, sal julle my gebooie onderhou. 16En Ek
sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Parakleet gee,
sodat Hy vir ewig by julle kan wees. 17Hy is die Gees van die
waarheid, wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat die
wêreld Hom nie sien nie en ook nie ken nie. Julle ken Hom
egter, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. 18Ek sal julle
nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.
19Nog 'n kort tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie; maar
julle sien My, omdat Ek leef en julle sal leef. 20Op daardie
dag sal julle weet: Ek is in my Vader, en julle in My en Ek in
julle. 21Wie my gebooie het en dit onderhou, hy is die een wat
My liefhet. En wie My liefhet, my Vader sal hom liefhê, en Ek
sal hom liefhê en Myself aan hom bekend maak.” 22Judas,
nie Judas Iskariot nie, vra Hom toe: “Here, hoe is dit dat U
Uself aan ons gaan bekend maak en nie aan die wêreld nie?”
23Jesus antwoord hom: “As iemand My liefhet, sal hy ter
harte neem wat Ek sê, en my Vader sal hom liefhê, en Ons
sal na hom toe kom en by hom woon. 24Wie My egter nie
liefhet nie, neem nie my woorde ter harte nie. Die woorde wat
julle hoor, is nie myne nie, maar dié van die Vader wat My
gestuur het.

---

25“Dit het Ek vir julle gesê terwyl Ek by julle gebly het. 26Die
Parakleet, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal
stuur, Hy sal julle in alles onderrig en julle aan alles herinner
wat Ek vir julle gesê het. 27Vrede laat Ek julle na – my vrede
gee Ek julle. Ek gee dit nie vir julle soos die wêreld dit gee
nie. Laat julle harte nie ontsteld en bang wees nie. 28Julle het
gehoor dat Ek vir julle gesê het: Ek gaan weg, maar Ek kom
weer na julle toe. As julle My liefgehad het, sou julle bly
gewees het dat Ek na die Vader gaan, omdat die Vader
groter as Ek is. 29En nou het Ek dit vir julle gesê voordat dit
gebeur, sodat julle, wanneer dit gebeur, kan glo. 30Ek sal nie
meer baie met julle praat nie, want die heerser van die wêreld
is aan die kom, en hy het nie mag oor My nie. 31Maar sodat
die wêreld kan weet dat Ek die Vader liefhet en doen soos
wat die Vader aan My opgedra het, staan op, laat ons
hiervandaan weggaan!”

PREEK:

Net vyf keer kom die beskrywing van die Heilige Gees met die woord *Parakleitos* voor. Parakleitos direk vertaal beteken “geroep om langs jou te staan en te help”. Met ander woorde geroep om bystand te lewer, om daar te wees vir. Party

vertalings vertaal dit met A*dvokaat*, ander met *Trooste*r, en ander selfs met *Helper*.

Ek hou die meeste van *geroep om langs jou te staan en te help*. God staan deur sy Gees langs my. Dit is God se wil dat ons ook so gaan maak. Ons moet Parakleitos vir ander wees. Ek en jy moet geroep wees om langs ander te gaan staan en te help.

TAFEL 3:
Toe dit tyd word vir die fees om te begin, stuur hy sy werkers om vir die uitgenooides te sê: Kom, die fees is klaar en ons is reg om te begin (Lukas 14:17, 2022).

Wanneer die brood gebreek en uitgedeel word, sê die bedienaar: Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus.
En wanneer die beker aangegee word: Die beker wat ons drink, is die gemeenskap met die bloed van Christus.
Eet en drink, doen dit tot sy gedagtenis.
Amen.

Tekste: Johannes 14: 6, 1983; Romeine 1: 7, 1983; Psalm 145: 1, 1983; Matteus 22: 4, 2022; Johannes 14: 15-31; Lukas 14: 17, 2022; VONKK 312.
Fokus teks: Efesiërs 1: 15-23, 2007.
Liedere: FLAM 87 x 2; VONKK 277: 1-3; Gesang 582: 1, 3, 4 en 5; Gesang 528: 1-3.

---

## SKRIFLESING: Efesiërs 1: 15-23, 2007

[15]Ek het gehoor dat julle in die Here Jesus glo en dat julle lief
is vir almal wat aan God behoort. [16]Daarom, wanneer ek bid,
sê ek altyd vir God dankie vir julle, en dink ek aan julle. [17]Dan
vra ek vir die God van ons Here Jesus Christus, vir die Vader
wat Koning is, Hy moet vir julle wysheid gee en Hy moet vir
julle wys hoe julle Hom kan ken. [18]Ek bid dat God julle sal
help om regtig te weet wat julle sal kry omdat Hy julle gekies
het om aan Hom te behoort. Julle sal al die dinge kry wat Hy,
die Koning, sal gee vir die mense wat aan Hom behoort. [19]Ek
bid ook dat julle sal weet dat God se krag baie sterk is, en
dat Hy sy krag in ons lewens gebruik, in ons wat glo. [20]Dit is
dieselfde sterk krag wat God gebruik het toe Hy vir Christus
weer laat lewe het en Hom laat sit het op die belangrikste
plek by Hom in die hemel. [21]Christus is belangriker as almal
en alles wat oor die wêreld wil regeer, belangriker as enige
iets waaraan 'n mens kan dink, nou of in die tyd wat kom. [22-
23]God het Christus laat wen teen al sy vyande. Hy het vir
Christus die Hoof gemaak van alles. God het dit gedoen
sodat dit goed sal gaan met die kerk. Die kerk is die liggaam
van Christus. Hý alleen laat die kerk waarlik lewe, Hy laat
alles lewe.

Tekste: Johannes 14: 6, 1983; Romeine 1: 7, 1983; Psalm 145: 1, 1983; Matteus 22: 4, 2022; Johannes 14: 15-31; Lukas 14: 17, 2022; VONKK 312.
Fokus teks: Efesiërs 1: 15-23, 2007.
Liedere: FLAM 87 x 2; VONKK 277: 1-3; Gesang 582: 1, 3, 4 en 5; Gesang 528: 1-3.

---

PREEK:

Die brief aan die Efesiërs is ons Bybelstudie inhoud vir 2025. Boonop het ek hierdie jaar die geleentheid gekry om vir twee dae in die antieke stad Efese te kon rondstap. Altans dit wat van die stad oorgebly het. Oor die jare is die stad telkens verwoes deur politieke oornames en selfs aardbewings. Die stad word met baie moeite en omslagtigheid gerestoureer en die prentjie van die antieke stad word duideliker en duideliker.

Die gemeente van Efese is op Paulus se tweede sendingreis gestig. ‘n Baie besige hawestad met die bekende handelsroete deur Turkye wat hier geëindig het. Dit was ‘n besige stad met ongeveer 250 000 inwoners, afkomstig van reg oor die wêreld.

Johannes het vir ongeveer 30 jaar in hierdie stad gewoon en gewerk. Jesus se moeder het moontlik in haar laaste dae hier buitekant te stad gewoon. Volgens oorlewering sou sy hier te sterwe gekom het.

En dan was daar Paulus, die skrywer van Efesiërs, wat hierdie gemeente gestig het, wat vir ongeveer drie jaar in die stad gewoon en gewerk het. Hy was lief vir die gemeente en die lidmate van die gemeente. Ons kan met hierdie brief ook die brief aan die gemeente in Efese in die Openbaring lees.

In ons teksgedeelte doen Paulus 'n gebed vir die gemeente. In die Bybelstudie groep het ons besef hoe belangrik dit is om vir die gemeente te bid. Ons het elkeen na onsself gekyk en gevra hoe gereeld bid ons vir Zuurfontein se bediening en diens. Nou deel ons dit met julle. Dit is maklik om oor die swakpunte en uitdagings van die gemeente te praat of selfs oor die dominee, maar bid ons vir ons gemeente meer as enige iets anders.

Paulus se gebed was dat die gemeente kennis van God en God se wil sal ontvang. Presies waarvoor ons ook vir gemeente Zuurfontein moet bid.

TAFEL 4:

Kom, gemeente, ons is almal van die Here afhanklik. Hy voed ons op sy tyd (Psalm 104: 27, 1983).

Wanneer die brood gebreek en uitgedeel word, sê die bedienaar: Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus.

En wanneer die beker aangegee word: Die beker wat ons drink, is die gemeenskap met die bloed van Christus.

Eet en drink, doen dit tot sy gedagtenis.

Amen.

PAASFEES KOM: VONKK 312

1. Deur profete kom oor eeue die berig;
uit die diep verlede skyn die helder lig:
Jesus, ons Messias,
Jesus, ons Verlosser,
Jesus, God met ons.

2. Deur sy liefde leer ons God die Vader ken.
Deur sy lewe kom Hy al ons liefde wen.
Jesus, ons Messias,
Jesus, ons Verlosser,
Jesus, God met ons.

3. Na sy hemelvaart stuur Hy sy Gees na ons.
Nou leef ons met hoop en vrede tot sy koms.

Jesus, ons Messias,

Jesus, ons Verlosser,

Jesus, God met ons.

4. Op die nuwe aarde sal Hy ewig heers,

maak Hy ons 'n deel van God se vreugdefees.

Jesus, ons Messias,

Jesus, ons Verlosser,

Jesus, God met ons.

SLOTSANG: Gesang 528; 1-3

Leer my U wil Heer.

DIT WAT ONS HIER ONTVANG HET GAAN DEEL ONS AAN ANDER UIT:

WEGSENDING (Seëngroet):

God bly met ons, waar ons ook mag gaan. As ons struikel, trek die Vader deur sy liefde ons weer nader – In gevare, angs en lyding bied sy almag ons bevryding - God bly met ons, waar ons ook mag gaan (Gesang 269: 4).